higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

INLEIDING TOT POLISIËRINGSPRAKTYKE
NKR VLAK 2

22 November 2024

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 B
1.2 B
1.3 C
1.4 A
1.5 C
1.6 D
1.7 B
1.8 D
1.9 D
1.10 A

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 Onwaar
2.2 Onwaar
2.3 Onwaar
2.4 Waar
2.5 Waar

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 3

3.1 E
3.2 A
3.3 C
3.4 H
3.5 D
3.6 F
3.7 J/B
3.8 B/J
3.9 I
3.10 G

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

4.1 Onproduktief
4.2 Fisiek
4.3 Bevorderingsrang
4.4 Middelrang
4.5 Uittreerang (‘retire rank’)

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 5.1.1 Die plek waar 'n misdryf gepleeg is en waar forensiese bewysmateriaal ingesamel kan word. Of dit is enige plek/lokaliteit wat verband hou met 'n misdryf wat gepleeg is. (2)

5.1.2
- Om te bepaal hoe 'n misdryf gepleeg is
- Om 'n verdagte met die misdryf te verbind of om die misdadiger te identifiseer
- Om 'n onskuldige persoon van blaam te onthef
- Om verklarings van die slagoffer, getuie en verdagte te staaf

(Enige 3 × 1) (3)

5.1.3 Die metodes, tegnieke ✓ en instrumente van die natuurwetenskappe om misdaad te ondersoek (2)

5.1.4
- Binnenshuise toneel in 'n gebou
- Buitenshuise toneel, byvoorbeeld in die veld
- Mobiele toneel soos voertuie of vaartuie
- Persoongeoriënteerde misdaadtoneel waar die liggaam en kleredrag van 'n persoon die leidrade verskaf, soos in verkragtinggevalle (4)

5.1.5
- Hanteer die bewysmateriaal op so 'n wyse dat dit bewaar bly vir ontleding deur kundiges in die laboratorium.
- Dit moet die laboratorium bereik in min of meer dieselfde toestand as waarin dit op die toneel gevind is.
- Daar mag op geen manier daarmee gepeuter word nie; dit mag nie beskadig of gekontamineer word nie.
- Wanneer bewysmateriaal van een persoon aan 'n ander oorhandig word, moet dit aangeteken word sodat daar 'n rekord is van wie dit op enige spesifieke tydstip hanteer. (4)

5.2 Generaal Fannie Masemola (1)

5.3 Die Verdedigingswet bepaal dat 'n militêre polisiebeampte polisiefunksies op enige plek binne hul jurisdiksie mag verrig. (2)

5.4
- Om verkeer te beheer
- Polisiëring van metropolitaanse en munisipale verordeninge
- Misdaadvoorkoming (Enige 2 × 1) (2)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C

VRAAG 6

6.1
- Rus of slaap
- Voeding of dieet
- Oefening
- Stresbestuur (4)

6.2
- Gesonder gewrigte
- Laer bloeddruk
- Beter kardiovaskulêre funksie
- Verbeterde beendigtheid
- Hoër energievlakke
- Beter slaap
- Gewigsverlies
- Beter bui as gevolg van endorfiene
- Sterker immuunstelsel
- Stadiger veroudering en langer lewe
- Bloedsuikervlakke word beter beheer
- Verlaagde risiko van leefstylsiektes (Enige 3 × 1) (3)

6.3
- Hardloopsessie wat altesame 2,4 kilometer dek
- Opstote
- Opsitte
- Die heen-en-weer-lopie (‘shuttle run’) van 25 meter (Enige 3 × 1) (3)

6.4
- Die handhawing van ’n onpartydige, aanspreeklike, deursigtige en bekwame polisiediens
- Die aanstelling van provinsiale kommissarisse
- Die ondersoek na en voorkoming van georganiseerde misdaad
- Internasionale polisiesamewerking
- Bewaring en voorsiening van misdaadintelligensie-data, -rekords en statistieke
- Die opleiding van die Polisiediens
- Die werwing, bevordering en verplasing van alle lede van die Polisiediens
- Die voorsiening van forensiese laboratoriumdienste
- Nasionale beskermingsdienste
- Vestiging van ’n spesiale taakmag
- Vestiging en handhawing van nasionale openbare orde-polisiëringseenheid (Enige 5 × 1) (5)

6.5
- Die voorgestelde organogram moet die doelwitte en planne van die organisasie aandui.
- Dit moet die bevoegdheid weerspieël wat tot bestuurders en bevelvoerders se beskikking is.
- Dit dui die omgewing aan waarin die organisasie funksioneer.
- Die voorgestelde organogram dui die mense of werknemers aan. (4 × 2) (8)

6.6 ’n Tekening wat die struktuur van ’n organisasie aandui en die verskillende range van die mense wat in die organisasie werk. (2)

6.7 Die rassistiese en diskriminerende beleid van die Nasionalistiese regering wat streng skeiding tussen wit mense en mense van kleur afgedwing het, wat die vyande van wit Afrikanerheerskappy onderdruk het, en ’n diepgewortelde onregverdige ongelykheid tussen die rasse verskans het wat swart Suid-Afrikaners polities, ekonomies en opvoedkundig ernstig benadeel het.
(Laat student se eie interpretasie toe.) (3)

6.8 Dit is ’n gebied wat bestuur en beheer word deur ’n regering van ’n ander gebied of land. (2)
[30]

AFDELING D

VRAAG 7

7.1 Die prekoloniale samelewings in Suid-Afrika het altyd die een of ander vorm van polisiëring ervaar. Alle groepe mense wat in Suid-Afrika gewoon het, het hul eie reëls gehad wat hulle nagekom het. Op die Afrika-manier het die hoofman totale gesag oor die grond en die mense gehad. Individuele geregtigheid is normaalweg gehanteer op ’n byeenkoms van al die mans in ’n bepaalde stam. Ná Jan van Riebeeck se koms aan die Kaap is die Ratelwag (‘Rattle watch’) op 3 Julie 1686 gevestig.
Die eerste polisiemag aan die Kaap het byna dieselfde funksies as dié van die Metropolitaanse Polisie in Londen gehad.
Die Suid-Afrikaanse Polisie (SAP) kan sy ontstaan naspeur na die Hollandse Wag (‘Dutch Watch’).
Op 1 November 1835 is die bestaande polisie-eenhede deur die Kaapse Konstabulêr vervang, wat gegrond was op die beginsels van die Londense Metropolitaanse Polisie.
Die Kaapse Konstabulêr het in 1840 die Kaapse Polisiemag geword.
(Laat student se eie interpretasie toe.) (10)

7.2
- Waarneming: Die waarneming deur die polisiebeampte op die straat wat polisiëringswerk doen
- Informante: Elke lid van ’n gemeenskap wat die ‘oë en ore’ van die polisie is, is waardevol, asook opmerkings van gemeenskap oor dinge wat gebeur.
- Monitering: Dit is die intense waarneming van ’n verdagte, byvoorbeeld die inrig van ’n waarnemingspunt/uitkykpunt om ’n gebou waar te neem waar ’n verdagte woon.
- Koverte tegnieke: ✓ In sekere omstandighede kan die polisie ook koverte tegnieke gebruik om inligting te bekom.
- Dataontleding: Ontleding van polisiedossiere, verklarings en insette deur kundiges op die gebied van misdaadinligting.

- Interpol: Suid-Afrika is ’n lid van die Internasionale Misdaadpolisie-organisasie. Waardevolle internasionale inligting word uit hierdie bron na die polisie in Suid-Afrika gestuur.
- SARPCCO: Hierdie lidmaatskap het dieselfde voordele as dié wat bekom word deur lidmaatskap van Interpol. (Enige 5 × 2) (10)

[20]

OF

VRAAG 8

8.1
- 1950 Wet op Groepsgebiede het voorsiening gemaak vir gebiede wat verklaar is vir die uitsluitlike gebruik van een bepaalde rassegroep en het mense verplig om te woon in ’n gebied wat toegewys is aan die groep waaronder hulle geklassifiseer is.
- 1950 Wet op die Onderdrukking van Kommunisme het organisasies en mense verbied om kommunisme te bevorder.
- 1950 Die Wet op Bevolkingsregistrasie. Die klassifisering van alle Suid-Afrikaners in een van die rassegroepe
- 1950 Die Ontugwet het seksuele verhoudings oor die kleurgrens heen verbied.
- 1951 Die Wet op die Voorkoming van Onregmatige Plakkery het aan landdroste die bevoegdheid verleen om plakkers uit stedelike gebiede te sit en hul wonings te vernietig.
- 1965 Die Strafproseswysigingswet (180-Dae-Aanhoudingswet) het die prokureur-generaal die bevoegdheid gegee om die aanhouding te gelas van mense wat waarskynlik getuienis vir die staat in enige strafregtelike verrigtinge kon gee. Aangehoudenes kon in alleenopsluiting bly vir ses maande en slegs staatsamptenare is toegelaat om toegang tot hulle te kry.
- 1967 Die Terrorismewet is aangeneem, ingevolge waarvan die polisie bemagtig is om mense vir onbepaalde tye alleen op te sluit, met geen toegang tot besoekers nie. Die publiek was nie geregtig op inligting wat met die identiteit en aantal mense in aanhouding verband gehou het nie. (Enige 5 × 2) (10)

8.2
- Om ’n plan te hê wat die staat in staat stel om misdaad aan te pak op ’n manier wat al die hulpbronne van alle staatsagentskappe, asook die burgerlike samelewing, gebruik
- Om ’n visie te bevorder van hoe ons, as ’n nasie, misdaad gaan aandurf
- Die ontwikkeling van nasionale misdaadvoorkomingsprogramme
- Om gemeenskappe te gebruik en aan te moedig om deel te neem aan die stryd teen misdaad.
- Om deurlopende navorsing uit te voer en evaluering te doen van bestaande misdaadvoorkomingsprogramme
- Om misdaadvoorkomingsprogramme op provinsiale en plaaslike vlak uit te voer

(Enige 5 × 2) (10

[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou